

7 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 15:8-10

Fokusgedeelte: Lukas 15:9

Die verlore muntstuk

In Israel het die gewoonte bestaan dat 'n bruid van haar ouers 'n kettingkie ontvang waaraan tien muntstukke ingeryg was. Dit het by hulle dieselfde waarde gehad as 'n verloofring by ons. Jesus vertel van 'n vrou wat een van die muntstukke verloor het. Sy weet dat dit in haar huis moet wees. Die huise op die platteland was tegelyk ook stal waar strooi en bokmis gelê het. Die vrou steek 'n lamp aan omdat die huisies nie groot vensters gehad het nie. Binne was dit donker. Sy neem 'n besem en vee die huis uit. Terwyl sy vee, het sy goek gekyk of sy nie die muntstuk sien nie. Toe sy dit kry, roep sy haar vriendinne bymekaar en sê: "Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het weer gekry."

Die vrou was bly omdat dit vir haar sentimentele waarde gehad het. Verder was 'n penning nie te versmaai nie. Dit was die dagloon van 'n arbeider. Haar blydschap kan vergelyk word met diè van die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer het. Diè soort vreugde het die Fariseërs nie geken nie. Hulle het met 'n sondaar geen simpatie gehad nie. Hulle het geglo dat die heidene die brandstof van die hel sal wees. Hierdie gelykenis vertel van die soekende liefde van God. As ons werklik die liefde van God ken, kan ons nie anders as om bly te wees oor een sondaar wat hom of haar bekeer het nie. Die kerk moet die afgedwaalde skape opsoek en terugbring, maar ook heidene oproep tot bekering, soos Jesus ons bevel het (Matt 28:19).

**Sing: Skrifberyming 27:4,5 Ds HA Louw
(Emeritus)**